WEEK 10

STIL WORD IN GEBED

WORD STIL TEEN GOD SE TEMPO

- Stil tye saam met God is nodig.
- God praat met ons teen Sy tempo.
- God praat met ‘n fluisterstem in die windstilte.

1 Kon.19:11-12 Vers 12b - In die _____ was die Here nie. En na die _____ was daar ’n _____ in die _____.

HOE OM TE STIL TE WEES EN TE LUISTER?

- ‘n Tyd en ‘n plek van stil word is belangrik.
- Beskryf jou belewenis met God.
- Beplan jou dag met God.
- Skryf gereeld ‘n gebed neer.
- Ken die stem van die Here.

_____

_____

_____

_____

_____

Johannes 10:1-5

- Maak ‘n verbale "commitment" om stil te wees.
- Dink aan God.
- Wag totdat jy hoor.

Spandeer tyd in die binnekamer, buig jouself neer voor God, deur lofprysing en aanbidding en wag op Hom totdat Hy Homself openbaar maak en jou in Sy besit neem. Dan kan jy die dag ingaan en gaan leef in voortdurende kontak met jou onsigbare Here.

Andrew Murray

PRAKTIESE STIL TYE SAAM MET GOD

Klaagliedere 3:125-28 (Lamentations 3:25–28), Psalm 37:7, Psalm 46:11, Exodus 14:14 en Handelinge 10:9-20

- Dwing jouself tot stilte.
- Verskillende maniere van stil word.
  - Elke dag.
  - Een maal per week.
  - Gereelde retraite.
- Die voorbeeld van Jesus.

_____

_____

_____

Markus 1:35, Lukas 5:16, Lukas 6:12 en Lukas 9:18

God laat sak Sy anker in stil waters. God kan slegs iemand nader trek wat stil is, iemand, wie se gedagtes en gevoelens stil is.

Basilea Schlink

NOTA:

Neem nou so tien minute geleentheid om stil te word voor God. Bid en vra God om jou hart stil te maak. As daar sondes is, bely dit voor Hom en dan probeer jy stil sit en luister na dit wat in jou hart aan gaan. Konsentreer op die eienskappe van God. Moenie praat nie, dink net oor God. Moenie nou bid nie. Raak ingesteld op God.

HERSIENINGSVRAE

- Waarom is stil tye saam met die Here nodig?
- Teen watter tempo praat die Here met gelowiges? Wat is jou tempo?
- Hoe voel dit om met iemand te praat wat altyd haastig is?
- Noem ‘n paar metodes hoe jy jou tempo kan afskaal.
- Hoekom ken skape die stem van hulle herder?
- Op watter maniere kan jy stil word voor God?

OM TE GAAN DOEN

- Skaal af aan jou bedrywighede en maak tyd om stil te wees voor die Here.
- Vra die Here om jou te leer om te luister.
- Oefen om in die begin vir net 3 minute stil te sit voor die Here.
- Brei dit stelselmatig uit.
- Luister na wat die Here vir jou sê en wees gehoorsaam aan Sy stem.